**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANGE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. : 1183/05**

In die hersiening van:-

**DIE STAAT**

en

**MALEFANE ELIAS CHAKELA**

---

**CORAM:** WRIGHT R *et* VAN ZYL WND R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL WND R

---

**GELEWER OP:** 15 DESEMBER 2005

---

[1] Beskuldigde het te Senekal tereggestaan op 'n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal, op welke aanklag die beskuldigde skuldig gepleit het en waarop hy tot 24 (vier en twintig) maande gevangenisstraf waarvan 6 (ses) maande gevangenisstraf opgeskort is vir 4 (vier) jaar op sekere voorwaardes, deur die verhoorlanddros gevonnis is.

[2] Die vonnis was onderhewig aan outomatiese hersiening, waarop C.J. Musi, R, die volgende navrae gerig het:

> "1. Toon die ondervraging ingevolge artikel 112(1)(b) Wet 51 van 1977 *in casu* aan dat die beskuldigde die huis oopgebreek en binnegegaan het met die opset om te steel.
>
> 2. Die landdros word versoek om redes vir die vonnis te verskaf."

[3] In sy skriftelike redes het die verhoorlanddros toegegee dat hy fouteer het deur die beskuldigde skuldig te bevind aan die ten laste gelegde misdryf. Die verhoorlanddros het voorts, na my mening heeltemal tereg, aangetoon dat die beskuldigde slegs aan diefstal skuldig bevind moes gewees het. Wat die vonnis betref, het die verhoorlanddros ook toegegee dat indien die skuldigbevinding gewysig sou word tot een van diefstal, 'n ligter vonnis meer gepas sal wees.

[4] Die aanklag teen die beskuldigde het as volg gelees:

> "Dat die beskuldigde skuldig is aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal deurdat hy op of omtrent 8 Mei 2004 en te of naby 6140 Tambo in die distrik van Senekal wederregtelik en opsetlik die deur van 'n huis oopgebreek en binnegegaan het met die opset om die goed

> daarin te steel en toe daar wederregtelik en opsetlik 1 x Nokia selfoon ter waarde van R800.00, kontant ter waarde van R480.00 en 'n baadjie ter waarde van R195.00, die eiendom of in die regmatige besit van David Ntjobane gesteel het."

[5] Ten tyde van die ondervraging ooreenkomstig die bepalings van artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet, Wet Nr. 51 van 1977, het dit geblyk dat die beskuldigde na die klaer se huis gegaan het om daar te gaan aantrek, aangesien hulle vir dieselfde sokkerspan gespeel het. Toe hy by die klaer se huis opdaag, het hy egter gevind dat die klaer geslaap het en het hy toe op daardie stadium besluit om die baadjie, die selfoon en die kontant te neem. Daar is geen aanduiding dat die beskuldigde na die klaer se huis gegaan het met die bedoeling om daar in te breek of daar te steel nie en voorts is daar geen getuienis wat aantoon dat die beskuldigde die huis van die klaer oopgebreek het en/of sonder toestemming binnegegaan het nie. Na my mening kon die beskuldigde gevolglik slegs skuldig bevind gewees het aan diefstal van die gemelde items en moet daar gevolglik met die skuldigbevinding ingemeng word.

[6] Wat die opgelegde vonnis betref, moet die beskuldigde uiteraard ‘n ligter vonnis opgelê word as die vonnis wat ten opsigte van die aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal opgelê was. Geen vorige veroordelings is teen die beskuldigde bewys nie. Soos op volledige wyse deur die verhoorlanddros in sy skriftelike redes vermeld, moet die volgende faktore in ag geneem word by die oorweging van ‘n gepaste vonnis. Die beskuldigde is 24 jaar oud, getroud met geen kinders nie en is beide hy en sy vrou werkloos. Beskuldigde het graad 12 op skool geslaag, waarna hy aanvanklik ‘n vaste betrekking gehad het te Boksburg vanaf 2000 tot 2003. Hy het te Boksburg gewoon by sy moeder, maar nadat sy gesterf het, het hy nie meer plek gehad om te bly nie. Beskuldigde se pleit van skuldig word ook as strafversagtend in sy guns in aanmerking geneem as synde ‘n teken van sy berou. Hierteenoor moet egter ook in gedagte gehou word dat die klaer skade gely het in die bedrag van R1 475.00, welke skade nie vergoed is nie. Volgens die skriftelike redes verskaf deur die landdros, kom

hierdie misdryf ook veelvuldig in die bepaalde distrik voor.

[7] By die oorweging van ‘n gepaste vonnis, is dit noodsaaklik om ‘n balans te handhaaf tussen die aard en erns van die misdryf, die belange van die gemeenskap en die persoonlike omstandighede van die beskuldigde. Soos reeds hierbo vermeld, noodsaak die oorweging van hierdie faktore dat daar in die onderhawige geval ingemeng moet word met die opgelegde vonnis, inaggenome die inmenging met die tersaaklike skuldigbevinding.

[8] In die vooropstelling word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevinding word gewysig tot ‘n skuldigbevinding aan diefstal.

2. Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:

“12 (Twaalf) maande gevangenisstraf waarvan 6 (ses) maande gevangenisstraf vir 4 (vier) jaar opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal gepleeg gedurende

die opskortingsperiode nie."

**C. VAN ZYL, WND R**

Ek stem saam.

**G.F. WRIGHT, R**

/sp